

**Kleuterkerk:
8 September 2019
'n Tweede kans,
'n nuwe begin!
Filemon vers 1-21**

Deel van die sukses van Kleuterkerk is die veiligheid van roetine vir die kleintjies. Veral as die leidsters elke week wissel. Die veiligheid lê vir hul dan in die bekendheid van die roetine. Daarom hou ons elke Sondag dieselfde aankoms aktiwiteite naamlik: vryspel stasies.

Daar is drie kiste met speelgoed in naamlik klei kis, Lego's kis en legkaart kis. Die Lego kan op die mat uitgegooi word en die Klei en drukkertjies en die Legkaarte word by die tafeltjies gespeel.

Vir kleuters is hulle name ook baie belangrik. Sorg dat die skoeboks met die naamkaartjies voor by die deur is. Daar is vir elke kind naamkaartjie met hulle ouers se selfoonnommers op. Speld of knip dit vir elke kind vas soos hy of sy kom en merk ook hulle name op die register af.

Vorbereiding:

- † Benodighede vir speletjies soos in geselstyd
- † Afskrifte van die kruisie en kringetjie speletjie aan die einde van die les vir elke kind.

Uitpak & Vryspel

Sorg dat jy 20 minute voor die tyd daar is en pak die drie stasies vir vryspel uit. Sorg ook dat die skoeboks met die name en die bywoning register en pen gereed is. Laat die ouers die kind se naam op die register skryf.

Ontvang die kinders by die deur, speld hulle naamkaartjies aan en lei hulle na die stasies toe vir vryspel.

Regmaak & Draailoop

Laat die kinders die stasies waar hulle tans speel oppak, en neem die kinders wat wil, om draaitjie te gaan maak in die badkamer.

Laat die kleuters op die mat gaan sit. Jy as leidster kan op stoeltjie voor hulle gaan sit. Om seker te maak almal bly stil, laat hulle kruisbene sit met hulle handjies in hulle mandjies (in hul skote).

Die volgende roetine word voor gestel:

- ⌘ Bywoningsregister

Om vir die kleuters erkenning te gee dat hulle gekom het, kan hulle plakkertjie plak op die betrokke plek op die bywoning trein. LW dis nie trein met datums op wat vir jou sal uitwys watter Sondag jy nie daar was nie. Dis doodeenvoudig net 'n trein met trokke waarop die kinders se name staan en hulle geleentheid kan kry om 'n plakker te plak in sy/haar trokkie waarop hul name aangebring is.

- ⌘ Verjaarsdag gelukwensing (sing en ontvang kroon met ballon)

Indien iemand verjaar het gedurende die week of vakansie, sing almal vir hom/haar "Geluk liewe maatjie" en hy/sy ontvang verjaarsdag kroon (voorsien) en ballon(voorsien)

- ⌘ Kollekte - Een van die maatjies neem die geld op in mandjie

- ⌘ Hersieningsmoment

Vra die kinders uit oor wat hulle van die vorige Sondag se kleuterkerkles kan onthou.

Bidtyd: Openingsgebed

Vra een van die kinders om te open met gebed.

Geselstyd:

Almal van ons hou van speletjies speel.

Elke speletjie het gewoonlik sy eie stel reëls. Die reëls vertel ons wat ons mag en nie mag doen nie. As ons die reëls van die speletjie nie gehoorsaam nie, sal dit vir almal wat saam speel, niks lekker wees nie, want dan werk die speletjie nie soos wat dit veronderstel is om te werk nie. Daarom word

die reëls van speletjies altyd voor die tyd verduidelik, dat niemand na die tyd nuwe reëls kan bysit, of sê dat hy nie geweet het hoe dit werk nie.

Wat is jou gunsteling speletjie en hoekom? *Gee aan die kinders om te noem wat hulle gunsteling speletjies is. Dalk is daar 'n nuwe speletjie wat 'n maatjie kan verduidelik waar al die maats in die klas heerlijk kan saam speel. Speel gerus die kinders se gunsteling speletjie.*

Kom ons speel so 2 of 3 speletjies vanoggend: **Kat-en-muis:** Dis 'n groepspeletjie waarin al die spelers, behalwe twee, in 'n groot sirkel staan en hande vashou. Die ander twee spelers is die kat en muis. Een staan binne die sirkel en die ander staan buite die sirkel. Sodra die speletjie begin moet die kat die muis jaag. Die spelers wat hande vashou, lig hul arms op om 'n bogie te vorm sodat die muis kan deurkom om van die kat te ontvlug, terwyl hulle weer hul arms laat sak om te keer dat die kat die muis vang. Sodra die muis gevang is, word hy die kat en 'n nuwe muis word gekies.

Vrot-eier: Al die deelnemers sit met gekruisde bene in 'n sirkel op die grond na mekaar en kyk. Een deelnemer word as hardloper gekies om die spel te begin. Die hardloper hardloop om die sirkel en laat val 'n opgevoede sakdoek ongesiens agter een van sittende spelers. As die sakdoek agter jou val moet jy dit optel en om die sirkel begin hardloop terwyl die vorige hardloper jou plek inneem. As 'n deelnemer nie die sakdoek optel voordat die hardloper weer by hom kom nie, is hy 'n vrot eier en moet in die middel van die sirkel gaan sit totdat 'n volgende persoon uitgang word. Elkeen van die speletjies het reëls en as jy nie by die reëls hou nie, word jy gevang en moet jy jou straf uitdien.

Singtyd:

(Die liedere is net voorstelle, indien iets anders meer bekend is kan dit ook gesing word.)

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

My God is so groot

My God is so groot, so sterk en so magtig
Daar's niks wat my God nie kan doen
My God is so groot, so sterk en so magtig
Daar's niks wat my God nie kan doen
Die berge maak Hy, die riviere daarby
Die see en alles daarin
My God is so groot, so sterk en so magtig
Daar's niks wat my God nie kan doen.

God is liefde

God is liefde, juig ons harte
En bedink wat liefde doen
Dat Hy ons Sy Seun gestuur het
Om ons sondes te versoen
Hy wat eerste lief gehad het
Het in liefde ons vergeef
Nou kan ons uit God gebore
Uit die bron van liefde leef
Uit die bring van liefde leef.

Bybeltyd:

In die eerste eeu na Jesus op aarde was, was daar baie slawe in die stad Rome. Ryk mense het slawe gehad wat vir hulle alle werkies moes doen.

Party slawe was sleg behandel, maar nie almal nie. Maar 'n slaaf het nie regte gehad nie, hy mag slegs gedoen het wat sy eienaar van hom vra. En wanneer 'n slaaf nie sy eienaar se reëls gehoorsaam nie, was daar groot moeilikheid. Soms het slawe weggeloop van hul eienaars af, maar dit was een reël wat hulle nie mag ge-oortree het nie. Want sien maats, as 'n slaaf weggeloop het en sy eienaar kry hom weer, sou hy swaar gestraf word, ja hy kon selfs doodgemaak word.

Onthou julle vir Paulus. Hy was een van Jesus se dissipels en hy was baie lief vir Jesus. Hy het ook vir almal wat hy tee gekom het van Jesus vertel. Party mense het nie daarvan gehou om van Jesus te leer nie, en daarom het hulle vir Paulus in die tronk laat gooi. Maar dit het nie vir Paulus gekeer om oor Jesus te bly praat nie. Terwyl hy ook in die tronk gesit het, het hy met almal om hom oor Jesus gepraat en ook vir die mense wat hy besoek het voor hy tronk toe was, briewe geskryf om vir hulle te bemoedig en hulle aan te spoor om te bly glo in Jesus.

En daar in die tronk ontmoet Paulus 'n man met die naam Onesimus.

Onesimus was 'n slaaf van Filemon, een van Paulus se vriende wat ook 'n kerk begin het nadat Paulus vir Filemon van Jesus vertel het.

Maar terwyl Onesimus vir Filemon gewerk het as slaaf, het hy geld van Filemon gesteel en toe weggehardloop, want Onesimus het geweet hy gaan baie swaar gestraf word.

In die tronk kom Onesimus tot bekering en aanvaar dat Jesus ook kom sterf het vir sy sonde. Nou is dit tyd dat hy vrygelaat word, en weet julle wat doen Paulus? Paulus skryf vir Filemon, sy vriend, om te vra om vir Onesimus 'n tweede kans te gee. Al was Onesimus skuldig omdat hy weggeloop het met Filemon se geld, het Onesimus se lewe verander, en vra Paulus dat Filemon hom nie as 'n slaaf terug vat nie, maar hom sal vergewe en hom as 'n broer terug vat en by hom sal laat bly en werk. Kom ons lees daarvan.

Lees vir die kinders die kort brief, die boek van Filemon. Aangeheg is die teks soos in Die Nuwe Testament vir Kinders deur Stephan Joubert, Jan van der Watt en Hennie Stander.

Goeiedag!

Van Paulus.

1–2 Ek is op die oomblik in die tronk. Ek is gevang omdat ek vir ander mense van Jesus *Christus** vertel. Timoteus is ook hier by my. Hy werk saam met my vir die Here.

Ek skryf hierdie brief aan jou, Filemon. Jy is my goeie vriend omdat jy ook saam met my vir die Here werk. Ek skryf ook aan die volgende mense:

- Aan Affia, 'n dierbare Christenvrou.
- Aan Argippus, wat hard vir die Here werk.
- Aan almal wat in jou huis bymekaarkom om die Here te dien.

3 God ons Vader, en die Here Jesus *Christus**, se goedheid en vrede is by julle.

Tyd vir Gebed

4–6 Filemon, ek sê elke keer in my *gebede** vir God baie dankie vir jou. Want ek hoor hoe lief jy vir die Here Jesus en vir ander *gelowiges** is. Ek bid dat jy elke dag sal onthou watter wonderlike dinge *Christus** vir ons almal gedoen het.

7 My vriend, jy maak my hart baie bly. Ek hoor jy is goed vir ander *gelowiges**. Almal praat daarvan. Hou so aan!

Filemon se Werker kom Terug

8–10 Filemon, ek wil jou 'n groot guns vra. Ek doen dit want ons al twee is kinders van die Here. Omdat ek spesiaal deur *Christus** gekies is om vir ander mense van Hom te vertel, kan ek jou seker beveel om te doen wat ek nou gaan vra. Maar ek sal nooit so iets doen nie. **Want Christene tree altyd in liefde teenoor mekaar op.** Daarom vra ek jou baie mooi om na my te luister. Onthou, ek sit hier in die tronk omdat ek vir die Here werk. My versoek gaan oor Onesimus, een van jou werkers. Hy het nou die dag hier in die tronk beland. Maar ek het baie goeie nuus vir jou! Onesimus is nou 'n kind van die Here. Nadat ek hom van *Christus** vertel het, het hy ook 'n Christen geword.

11–12 Vroeër was Onesimus 'n slegte werker. Maar alles het nou verander, want hy is nou 'n Christen. Van nou af gaan hy sommer baie vir jou beteken. En vir my ook. Ek stuur Onesimus na jou toe terug. Ontvang hom asseblief baie vriendelik.

Jou Werker is nou jou Broer

13–14 Hier in die tronk het Onesimus baie vir my beteken. Ek wens hy kon nog 'n rukkie langer gebly het. Want hier is baie werk vir die Here. Eintlik moet jy my ook hier kom help. As Onesimus langer gebly het, kon hy my sommer in jou plek gehelp het. Maar ek sal hom nie hier hou sonder dat jy sê ek mag dit doen nie.

15–16 Weet jy, dit is eintlik goed dat Onesimus van jou af weggeloop het. Jy was seker baie kwaad toe jy hoor hy is weg. Maar nou kry jy hom vir altyd terug. En nogal op 'n heeltemal ander manier as wat jy gedink het. Hy is nou nie net meer jou werker nie. Nee, hy is nou jou broer in die Here. Hy is nou iemand vir wie jy baie lief moet wees. Onesimus was 'n wonderlike broer vir my hier in die tronk. Ek weet hy sal ook 'n goeie broer vir jou wees.

17–19 Filemon, as jy my as jou vriend beskou, dan moet jy Onesimus ook as jou vriend beskou. Ontvang hom net soos wat jy my sou ontvang. As hy iets daar by jou gevat het voordat hy weggeloop het, of as hy jou nog geld skuld, sal ek dit betaal. Dit belowe ek. Maar, Filemon, ek hoef seker nie vir jou te sê wat jy my alles skuld nie, of hoe? Want ek het jou van Jesus vertel. Daarom is jy nou 'n Christen. Moet daarom nie so haastig wees om rekenings vir my te gee nie.

20 My liewe broer, vat asseblief vir Onesimus met oop arms terug. Ek vra dit nie vir myself nie, maar ter wille van die Here. As jy dit doen, sal ek baie bly wees. Dit sal wys dat jy my broer in *Christus** se nuwe familie is.

Ek kom Kuier

21 Filemon, ek ken jou goed genoeg om te weet jy sal doen wat ek vra. Daarom skryf ek hierdie brief aan jou. Ek weet jy sal sommer nog baie meer vir Onesimus doen as wat ek vra.

22 Maak solank 'n kamer vir my reg. Een van die dae gaan ek vrygelaat word, want julle bid mos baie ernstig dat ek uit die tronk sal kom.

23–24 Epafras wat ook hier in die tronk is omdat hy met ander oor *Christus** Jesus gepraat het, stuur groete aan jou. So ook my helpers: Markus, Aristargos, Demas en Lukas.

25 Ons Here, Jesus *Christus**, is by elkeen van julle met sy goedheid.

Ons almal verdien ook die straf van God, maar God se genade is so groot, Jesus het in ons plek aan die kruis dood gegaan, sodat ek en jy ook 'n tweede kans kry om as kind van God te gaan lewe. Ons moet ook mense wat ons dalk kwaad en seer maak, wys dat God se liefde groter is as ons as mense, en vir hulle ook tweede kans gee. Nie omdat ons so oulik is nie, maar omdat Jesus se genade en liefde ook my en jou hart kom verander.

Doentyd & Leertyd: Kruisies en kringetjies

Ons leer in speletjies dat ons 'n tweede kans kry, om weer oor te begin.

Met die eenvoudige speletjie, kan kinders ook leer om soms te verloor en soms te wen. Die speletjie is kort genoeg dat mens dit ook oor en oor kan speel.

Druk vir elkeen 'n speel bord uit. Knip die 5 x kruisies en kringetjies uit.

Versier dit net soos jy graag wil.

Twee maats speel saam. Die een wat begin speel met 5 van sy vorm (kruisie of kringetjie) en die ander maat met 4. Elkeen kry om die beurt 'n kans om sy vorm in 'n blokkie te pak. Die ander maat met hom probeer blok, terwyl albei probeer om 'n reguit lyn van 3 van sy vorm te pak.

Vir die volgende rondte ruil julle om en speel die maat wat die vorige keer 4 vorms gehad het, met sy 5 vorms en die ander maat met 4.

Afsluitings gebed

Dankie Jesus dat U my sonde ook van my wegwas en vir my 'n tweede kans in die lewe gee. Help my om ook U liefde vir ander om my te wys en hulle ook tweede kans te gee.

Amen.

Kruisies en kringetjies.


